

# BEROEPSMOONTLIKHEDE IN, EN DIE BEMARKING VAN GESKIEDENIS - 'N HERWAARDERING VAN DIE GESKIEDENISONDERWYSER/DOSENT SE ROL

*Dr. Elize S. van Eeden  
Departement Geskiedenis  
Potchefstroomse Universiteit vir CHO*

Om aspirant Geskiedenisonderwysers, en diegene reeds in die praktyk, bloot met die toepaslike vakinhoud en metodiek toe te rus, sonder dat hulle ook na behore kennis neem van *waarheen met Geskiedenis?* kan 'n "sukksesresep" wees vir die verdere afplating daarvan as keusevak. Vir onderwysers, wat dalk moet toekyk hoe geskiedenis as vak jaarliks leerlinge verloor ten gunste van die sogenaamde meer beroepsvriendelike vakke, kan dit pessimisties stem - veral as 'n positiewe hart en gees jeens die vak wel in die praktyk uitgeleef word. Myns insiens is behoorlike beroepsoriëntering en die bemarking van Geskiedenis op hoërskoolvlak een van die belangrikste aspekte waarna 'n model Geskiedenisonderwyser moet let. Dit behoort ook 'n prioriteit te wees van dosente gemoed met die onderrig van aspirant- Geskiedenisonderwysers.

Die bewusmaking van beroepsmoontlikhede en die bemarking van Geskiedenis kan 'n nuwe en/of breër visie aan die leerling bied. Die volgende sake word aangeraak:

1.
  - 1.1 Interne faktore wat die bemarking van Geskiedenis beïnvloed
  - 1.2 Eksterne faktore wat die bemarking van Geskiedenis beïnvloed.
2. Beroepstendense in die buiteland met onder meer verwysing na Geskiedenis.
3. 'n Bespreking van vaardighede wat die alledaagse lewensgang vereis en die rol wat Geskiedenis daarin kan speel.
4.
  - 4.1. Beroepsmoontlikhede en wenke ter oriëntering van die leerling.

\* Die gewildheid van Geskiedenis in swart skole kan onder meer toegeskryf word aan die heersende tydsgees en die behoefte om meer van die land en kultuurgroep te wete te kom sowel as aan beperkte vakpakkette wat in skole beskikbaar is. Getalle mag dus in die afsienbare toekoms daal.

## 4.2 Bemarkingspotensiaal - 'n herwaardering van die Geskiedenisonderwyser/-dosent se rol

Laat dit nie van Geskiedenis en die toepassingsmoontlikhede daarvan gesê word, om D.A. Clary aan te haal:

*We have ... offered the world so little that it has naturally concluded that we have little to offer. It is within our own profession, then that we must seek the causes of our unemployment.<sup>1</sup>*

## 1. EKSTERNE EN INTERNE FAKTORE WAT DIE BEMARKING VAN GESKIEDENIS BEÏNVOED

So baie is al geskryf oor die redes (faktore) wat Geskiedenis as vakkeuse in veral blanke skole verydel<sup>2</sup> dat hierdie teks net ten doel het om die vernaamstes te beklemtoon. Enersyds moet die fokus op die eksterne en interne faktore gesien word as 'n oriëntering van die dilemmas waarmee Geskiedenis in die bemarkingsproses te doen het en andersyds as 'n waarskuwing dien vir die soortgelyke uitwerking wat dit mettertyd mag hê op Geskiedenis as tans gewilde vak aan swart skole,\* indien van ondergemelde leemtes nie ook aandag kry nie.

### 1.1 Eksterne faktore (aspekte ter sprake buite die klaskamersituasie)

\* Samestelling van vakpakkette/kursusse met Geskiedenis as vakkeuse is beperk (dit geld veral vir blanke skole).

Fig. 1 % MATRIKULANTE WAT GESKIEDENIS GENEEM HET VIR DIE JARE 1956 TOT 1992<sup>4</sup>





Fig. 2 AANTAL STUDENTE TOT HONNEURSVLAK<sup>5</sup>

- \* 'n Eenogige materialistiese of A-historiese tydsgees en/of aanname wat meer fokus op beroepsrigtings en ambagte binne die industrie, en die "baie" geld wat hier gemaak kan word as in die akademiese en die nie-tradisionele professie waarbinne Geskiedenis onder meer voorkom. Teen 1991 het dit geblyk ietwat van 'n wanpersepsie te wees, aangesien dit wou voorkom asof die skaal in ekonomiese druktete net andersom swaai. Surplusberoepe wat in hierdie stadium as oorvoorsien aangedui is waarin topmense werkloosheid in die gesig gestaar het, is byvoorbeeld ingenieurs- en rekenaarwetenskapberoepe sowel as geoktrooieerde rekenmeesters en mense met 'n magister in bedryfsbestuur (MBA).<sup>3</sup>
- \* Toenemende "belangstelling" (of eerder dalk vrywillig verpligte belangstelling in sommige gevalle?) in handelsvakke, natuurwetenskaplike vakke en wiskunde.
- \* Beurstoekennings is beperk.
- \* Onverskilligheid van sommige skoolhoofde, skoolvoorgligters en ander leerkragte jeens Geskiedenis as keusevak na st. 7.
- \* Onkundige openbare mening jeens Geskiedenis, die doelstellings en die nut daarvan vir die beroepswêreld.
- \* Rol van ouers in terme van gesindheid as gevolg van 'n wanpersepsie van wat inhoude behels asook die beroepsmoontlikhede van Geskiedenis.
- \* Politieke tydsgees waarin Geskiedenis te geredelik as propagandamedium benut word.

## 1.2 Interne faktore (aspekte ter sprake binne die klaskamersituasie)

- \* Subjektiewe/eensydige ondertoon van Geskiedenisinhoud.
- \* Geskiedenis as indoktrinasiemedium (bewustelik of onbewustelik).
- \* Inhoud weerspieël 'n gebrek aan balans (bv. is nie kultuurdivers nie en/of nie effektief genoeg toegerus om 'n universele geskiedbeeld by leerlinge tuis te bring nie).
- \* 'n Te feitlike oorbelading.

- \* Aanbiedingsstyl en onderrigmetodiek van onderwyser.
- \* Onderwyserbevoegdheid en -opleiding.
- \* Oningeligte onderwysers/ouers/leerlinge met betrekking tot loopbaankeuses.
- \* Die toekoms en aard van Geskiedenis as skoolvak.
- \* Gebrek aan behoorlike kurrikulum/syllabusvernuwing. Onderwysers sal waarskynlik meen dat hierdie aspek buite hul beheer is. Tog kan onderwysers, terwyl finale voorstelle nog nie op die tafel geplaas is nie, hulle op 'n beperkte skaal toespits op aspekte van sillabusse waaraan hulle, met behulp van resente bronne en aanvullende materiaal van die tyd, wel 'n kultuurdiverse of gebalanseerde dimensie behoort te kan gee.
- \* Gebrek aan lewenstoepaslike vraestelle/toetse en plooibare memoranda gegrond op vakdoelstellings.

## 1.3 Die gevolge van hierdie faktore

Die onvermoë wat tot dusver ondervind is om van dié interne en eksterne faktore op 'n praktiese wyse te elimineer, kan dit vir die beoefenaars van Geskiedenis al moeiliker maak om nuwe historiografiese tendense in die onderrigmetodiek op uitgediende kurrikuluminhoud en onderrigidees te laat neerslag vind. Eventueel kan 'n nuwe vertrouensverhouding met Jan Alleman, ten opsigte van wat Geskiedenis inderdaad veronderstel, ook skipbreuk lei. Die getal st.10-leerlinge en getal geskiedenisstudente wat nog teen onderskeidelik 1992 en 1993 Geskiedenis as vak geneem het, sien soos volg daaruit: (Kyk figuur 1)

Volgens die tendense in Figuur 1 het die Oranje-Vrystaat in die periode 1956 tot 1992 die hoogste afname, naamlik 49,8%. Hierna volg Transvaal met 'n daling van 37% en die Kaap met 33,9%. Natal toon die laagste daalsyfer, naamlik 20,1%. Dit kan aanvaar word dat die bloei-era van Afrikaner-nasionalisme in die twee eertydse Boererepublieke van Transvaal en die OVS, en deels ook die Kaap, gevolg deur die oorwinning van die HNP in 1948, teen die dekade vyftig indirek meetbaar was aan die getal leerlinge wat Geskiedenis geneem het.

Die afplating wat hierna gevolg het, kan veral toegeskryf word aan die verandering wat die land ondergaan het deur van 'n oorwegend agrariese gemeenskap na 'n samelewing met 'n hoë nywerheidsingesteldheid te ontwikkel. Dit het die weg

geopen na meer beroepe en nie-tradisionele spesialiseringsterreine. Alhoewel die meerderheid Natalers nie met die nasionalistiese sentiment verbind was nie, was die provinsie wel blootgestel aan industrialisasie. Die laer afname in Natal hou waarskynlik verband met die onderrigbenadering en die -inhoud van Geskiedenis wat moontlik op 'n meer selfstandige en belangegerigte inhoud en aanbieding gebaseer is. Teen 1993 het die persentasie in die Vrystaat, Transvaal en die Kaap met 'n verdere 1% elk gedaal.

Figuur 2 toon dat die aantal studente wat aan Afrikaanse universiteite Geskiedenis geneem het, tussen 1972 en 1993 met 49,54% gedaal het. Engelsmedium universiteite daarteenoor toon 'n toename van 28,2%. Dit is opmerklik dat Afrikaansmedium universiteite in 1972 meer Geskiedenisstudente ingeskryf het as wat die geval was by Engelsmedium universiteite. Vir 1993 is die posisie net omgekeerd.\* Die opname van meer swart studente aan laasgenoemde universiteit is een van die redes vir die styging in getalle.

Wat die getallepatroon van dubbelmedium universiteite in figuur twee betref, toon die opname 'n styging van 162% studente tussen 1972 en 1993. Aan swart universiteite, waar die voertaal oorwegend Engels is, toon die studentetal 'n toename van 271,52%.

Dit het dus gebiedend noodsaaklik geword dat daar doelgerig en prakties na onder meer die bemerkingswaarde van Geskiedenis in Suid-Afrika gekyk moet word. Praktiese optrede in dié verband moet veral by tradisioneel blanke skole, as proefneming vir verdere uitbouing, neerslag vind, aangesien die dalende tendense tans hoofsaaklik vir hulle (en tradisioneel Afrikaanse universiteite) geld. Dalk werp die stand van beroepsontwikkeling in 'n seleksie van lande in die wêreld, en onder meer ten opsigte van Geskiedenisbemarking, ook lig op dié saak.

## 2. BEROEPSTENDENSE IN DIE BUITELAND MET VERWYSING NA GESKIEDENIS

### \* *Algemene tendense*

Beroepsontwikkeling in die buiteland in die huidige eeu het al drastiese fokusverskuiwings ondergaan. Aanvanklik het die mens sentraal gestaan binne die beroepsraamwerk waarin onder meer aandag gegee is aan jong mense se nood wanneer 'n oorgang gemaak

word vanaf die skool na die werksituasie. Namate beroepseise toegeneem het, het die behoefte aan beroepsvoorligting toegeneem.<sup>6</sup>

In die **Verenigde State van Amerika** het nuwe konsepte uit die beroepsvoorligting ontwikkel, naamlik:

- \* Die verskuiwing van 'n tydsgebonde fokus na 'n fokus wat ook ruimte bied vir 'n toekomsvisie.
- \* Die verpersoonliking van die konsep beroep deur dit ook te verbind met lewensrolle, agtergrond en samelewingsgebeurlikhede.
- \* Volwasse Beroepsopleiding (VB) as 'n nuwe konsep binne die sosiale, industriële en ekonomiese beroepsomgewing. Dit is ook duidelik dat die getal, die diversiteit en die kwaliteit van beroepsontwikkelingsprogramme, middele en tegnieke ter bereiking van die bovermelde konsepte toeneem.<sup>7</sup>

**Japan** is klaarblyklik in 'n groot mate gelei deur beroepsontwikkelingstendense wat in die VSA neerslag gevind het. Beroepsgerigte onderwys en voorligtingsprogramme wat daarop gerig is om die gaping tussen die akademie en die werksituasie te oorbrug, sowel as tussen skool en samelewing, word as maatstaf gestel.<sup>8</sup>

Beroepsontwikkeling in **Kanada** het aanleiding gegee tot die projek "Skepping en Mobilisering van Voorligtingsbronne vir die Jeug" oftewel die Camry-programme. Sowat 41 projekte was teen 1992 bykans voltooi.<sup>9</sup>

### \* *Beroepstendense in Geskiedenis*

In **Engeland** is dit veral die beroep "Public Historian" wat sedert 1970 binne die raamwerk van die nuwe beroepsontwikkelingstendense opval. Dit sluit in argivarisse, besigheidshistorici en diegene gemoed met historiese bewaring in. Teen 1989 het 48 openbare sektor-inrigtings, waaronder kolleges, institute vir hoër onderwys en ambagskole sowel as 'n groep onderwysgerigte inrigtings geskiedenis kursusse buite die tradisionele universiteitssektor aangebied. In die voorgraadse komponent figureer Geskiedenis prominent. Dit blyk dat interdisiplinêre, vaardigheidsgerigte inhoud wat deur sommige instansies

\* Vista is buite rekening gelaat vanweë 'n gebrek aan statistiek vir 1972.

aangebied word, ter aanvulling/verheldering van die Geskiedenisinhoud, gewild onder die studente is. Daarbenewens is daar glo ook heelwat Britse universiteite wie se interdisiplinêre departemente gesamentlik programme aanbied. Hierin is Geskiedenis ook prominent en word die vak in vergelykende toeliggende verband met dissiplines soos die politieke wetenskappe, argeologie, literatuur en Europese tale gebruik.<sup>10</sup>

Uiteraard is die beroepskonsep vir Geskiedenis, soos wat dit in Engeland neerslag gevind het, in hierdie stadium nog te gevorderd vir toepassing in Suid-Afrika. Dit is egter wel 'n ideaal waaraan daar al deels aandag gegee is<sup>11</sup> en wat in die toekoms nie uit die oog verloor moet word nie. Dié konsep mag die bemarking van Geskiedenis aan die gemeenskap bevorder en die bruikbaarheid van Geskiedenis behoort toe te neem.

Voorts het buitelandse historici en verenigings oor die jare heen ook op 'n beperkte skaal die beroepsaansoek vir historici ondersoek.<sup>12</sup> A.A. Jones van Amerika het in 1982 bekend gemaak dat die American Historical Association se studiekomitee bevind het dat 'n groot tekort aan doktoraal-opgeleide historici geïdentifiseer is. Die feit dat meer vroue in die dissipline spesialiseer, maar nie tot Ph.D.-vlak nie vanweë gesinsverantwoordelikhede, het die leemte vergroot. Sy vul aan deur te sê:

*The profession must have better information about the realities of the employment marketplace, about the conditions of work for historians in museums, historical organizations, archives, government programmes or in the corporate world.*<sup>13</sup>

Jones se siening is al in 1978 deur David Clary onderstreep. Aanvullend hiertoe noem hy drie sake wat in die opleidingsproses van 'n student aandag moet geniet, naamlik dat:

- i) It will fit him with basic knowledge in a number of subjects that undergird his general area of interest and that are essential for his pursuit of a career and his continued intellectual development.
- ii) It will guide him in developing habits of mind and the intellectual flexibility that will fit him, for the personal and professional challenges of the future so that he may pursue a career as varied and progressive as he may desire.

- iii) It will not impose on him intellectual or emotional limitations that will keep him from developing a career and meeting the personal and professional demands that will be made upon him.

Dit is inderdaad so dat studente wat Geskiedenis as 'n hoofvak het nie almal kan/of wil geholpe raak in die akademiese beoefening van die vak nie. Ruimte moet gemaak word vir "aanwending" van historiese beginsels in die nie-tradisionele of "alternatiewe" beroepe. Clary vervolg verder deur te sê dat Geskiedenis-inhoude/kurrikula *could ... be tailored to the individual interests and ambitions of the students, rather than established in an arbitrary format that treats all students alike and confines them into the major department.*<sup>14</sup> Dit geld eweneens vir die Geskiedenisonderwyser wat rigied met die vakinhoud omgaan sonder om die wyer dimensies en interdisiplinêre aard van die vak aan die leerling bloot te lê.

Die samelewing het dus ongetwyfeld ook die kennis en vaardighede waarvoor historici beskik, nodig. Dit word egter nie altyd beseef nie vanweë die gekykte siening waarin historici verval het met betrekking tot hulself in die beroepswêreld.

### 3. KENNIS EN VAARDIGHEDE NODIG IN DIE SAMELEWING(S) VANDAG

Ten opsigte van vaardighedsgerigtheid binne die raamwerk van kennisbemeestering het Suid-Afrika dalk nog te min by die buitelandse vakgenote van ander dissiplines geleer. *Vergelykende en Interdisiplinêre Studies* is 'n konsepbenadering wat onlangs tussen Brittanje en Japan onder 13 en 14-jariges uitgetoets is.<sup>15</sup> Sekerlik is dit van die markgerigte vaardighede waarop daar meer in die klaskamersituasie gefokus kan word om te verhinder dat Geskiedenisinhoud passief en inhoudsgebonde is. Die voorstelle wat by geleentheid deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling vir die Menswetenskappe met betrekking tot beroepsgerigtheid en bemarking aan die hand gedoen is, wat ook vir die Geskiedenis geld, is:

- \* Word bewus daarvan dat daar nie plek is vir 'n halfhartigheid en 'n selftevreedenheid ten opsigte van die werksinhoud nie. Wees voortdurend ook sensitief vir die behoeftes van die samelewing.
- \* Konsentreer op die bewusmaking van en opleiding in algemene vaardighede en vermoëns [gedurende of na die proses van kennisverwerwing].

\* Bekwaamheid van oordeel is nodig om in die opleidingsproses bevorder te word.

\* Logiese en analitiese denke, kreatiwiteit, inisiatief, kritiese evaluering en die vermoë tot onderskeid tussen irrelevante en relevante inligting sowel as tussen wat feit en wat mening is.<sup>16</sup> Dit is vaardighede waarvoor die Geskiedenisstudent/skolier ook behoort te beskik indien die onderwyser sy vakdoelstellings nougeset probeer bereik.<sup>17</sup> Met hierdie toerusting in kennisbeheersing en kenniskommunikasie behoort die opgeleide in Geskiedenis, in watter beroep ookal, die vrugbare opleiding te kan benut en toepas. Dit kan die beroepsveld van die historikus verruim. Behoorlike bemerking van wat Geskiedenis kan bied, is belangrik.

**4. BEROEPSMOONTLIKHEDE EN BEMARKINGSPOTENSIAAL (MET VERWYSING NA DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER/DOSENT)**

Dr. H.J. Breytenbach en prof. S.L. Barnard, van Kommunikasiekunde en Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat onderskeidelik, het in opdrag van die Komitee vir Onderwyshoofde (KOH) in 1992 'n ondersoek geloods na die stand van Geskiedenis in blanke skole. Van die bevindinge waarin Geskiedenis as negatief ervaar is, was die volgende die vernaamste:


st.8. \* Vak oninteressant (29,5%)  
\* Bied beperkte loopbaankeuses (23,5%)

st.7. \* Vakinhoudelik te veel feite en leerwerk (43,7%)  
\* Beperkte beroepsmoontlikhede (27,3%).<sup>18</sup>

Dit is insiggewend dat daar aan die "beperkte" loopbaanmoontlikhede so 'n groot persentasie geheg word. Dit blyk dat 87,7% onderwysers uit dieselfde ondersoek aangevoer het dat meer leerlinge die vak sal neem indien Geskiedenis sy werksgeleenthede kan verbreed. Vervolgens dan die fokus op loopbaan- en bemerkingsmoontlikhede.

**4.1 Beroepsmoontlikhede**

Dit is belangrik dat die dosent/onderwyser en leerlinge daarvan bewus sal wees dat Geskiedenis, en trouens geen vak/dissipline, op sy eie kan staan om 'n beroepsgigting te verteenwoordig nie. Saamgegroepeerde dissiplines/vakke binne een pakket/kurrikulum bied gesamentlik 'n geleentheid tot 'n beroepsgigting. Geskiedenis dien in dié opsig 'n onontbeerlike akademiese basis- en selfs diensvak/dissipline wat die mens bewus kan maak van sy samelewing en hoe om dit te help ontsluit met behulp van die nodige kennisverwerking en kennisbeheersing. Vervolgens 'n blik op die huidige beroepsmoontlikhede met Geskiedenis:





\* *Aktiwiteite gerig op bogenoemde beroepe (kyk diagramvoorstellings)*

Onderwysers/dosente moet/kan leerlinge en studente behoorlik voorlig oor die aard, omvang en vereistes van elk van bogenoemde beroepe en die moontlikhede wat Geskiedenis daarin bied skep geleentheid vir leerlinge om hierdie instansies te besoek en met persone kennis te maak wat in bovermelde beroepe staan. Stel 'n lysie vrae saam (bv. aard van werk, finansiële en bevorderingsvooruitsigte) waarop leerlinge antwoorde wil hê.

Wanneer die leerling/student oor genoegsame kennis beskik van waarheen hy hom/haar in die beroepswêreld met Geskiedenis kan wend\*, behoort die onderwyser/dosent ook aandag te gee aan die bemerking van sy vak, anders as net in die klas.

#### 4.2 Bemerkingspotensiaal

Die volgende sake kan deur die onderwyser/dosent hanteer word om Geskiedenis te bemark

1. Fokus toenemend bewustelik op aspekte in die omgewing wat onder meer ook sillabusinhoud kan verhelder. Indirek word Geskiedenis relevant en lewendig vir die leerling.

2.

Stig Geskiedenisverenigings. Dit skep 'n geleentheid vir onderwysers om leerlinge van nader te leer ken en hulle met beroepskeuses te help. Dit bied ook die geleentheid om primêre navorsingsopdraggies waaruit kort beriggies oor interessantheide van die omgewing kan ontwikkel vir publikasie in die plaaslike koerant. Selfs die skoolkoerant en histories-gerigte aangeleentheide daaroor kan deur die Geskiedenisvereniging hanteer word (byvoorbeeld onderhoude met onderwysers en leerlinge oor hul herinneringe aan die skool en kaskenades of byvoorbeeld die ontwikkeling van die rugbyveld; die skool se rugbygeskiedenis ensomeer). In hierdie proses bring die onderwyser terselfdertyd etlike vaardighede by sy leerlinge tuis op 'n interessante wyse. Hulle leer om krities en waarderend met die bronne om te gaan. Dit kan leerlinge aanmoedig om met Geskiedenis as vak voort te gaan.

3.

Die waarde wat Geskiedenis het ten opsigte van lewensvorming en die basis wat dit verskaf in byvoorbeeld die beoefening van elke dissipline/vak is nodig vir behoorlike bemerking. Die interdissiplinêre onder-

\* 'n Paar algemene aktiwiteite is ook te vind in A.L. Beane and A. Zachmanougklou, "History and career awareness: a potpourri of activities", *History and Social Science Teacher*, 15(2), Winter 1980, pp.137-139.

-steuning wat Geskiedenis kan bied, moet nie onderskat word nie. Die onderwysers moet by geleentheid aan leerlinge uit die vakinhoud kan uitwys waar Geskiedenis met literêre, politieke, ekonomiese, welsyns-aangeleenthede, sosiale, kerklike. grondwetlike sake ens. skakel deur bloot net te fokus op aspekte uit die kurrikulum - al is dit net op 'n vereenvoudigde wyse. Op tersiêre vlak kan gevorderde opdragte en interdisiplinêre studies oorweeg word.

4. Skep pryse vir prestasies, bydraes ensomeer aan Geskiedenisleerlinge. Hulle moet kan ervaar dat dit die moeite werd is om aan die Geskiedenisvereniging te behoort en/of skeppend en prestasiegerig te wees.
5. Help belangstellende studente/leerlinge om beurse/lenings te identifiseer vir verdere studies.
6. Maak meer geredelik gebruik van toepaslike tegnieke en metodes bv. historiese bronne in sy wydste verskeidenheid en oudio-visuele materiaal om die tersaaklike inhoud en mense/aangeleenthede van 'n sekere periode op 'n empatiese wyse te verhelder.
7. Onderwysers moet nouer skakel met die oog op uitruiling van relevante materiaal en toepaslike inligting. Byeenkomste moet nie net in 'n "st.10-ekspedisie" ontaard van hoe raak die komende eksamenvraestel geraai kan word nie. Onderwysers wat st. 6-9 klasse en laer behartig behoort werkkomitees te stig wat met bepaalde doelwitte sal rig op onder meer samewerking en uitruiling van inligting sowel as hoe sekere temas verhelder kan

word en/of aan meer resente geboue gekoppel kan word.

8. Wees sensitief vir probleme (Reik bewustelik uit na samelewing, beroepsmerk, kollegas en ouerhuise waar negatieweit en onsekerheid met betrekking tot Geskiedenis as vak bestaan).
9. As bykomende vak in st. 10. Beveel Geskiedenis aan as addisionele vak waar dit nie by leerlinge se vakkeuses inskakel nie.
10. Oorbrug geredelik die kloof tussen hede en verlede met vergelykende opdragte. Die waarde van Geskiedenis word so meer blootgelê.
11. Verbeter u eie onderwyskwalifikasies.
12. Wees en dink dinamies en positief ten opsigte van die vak.
13. Rig u werk op geskiedenisdoelstellings.<sup>19</sup>

Dosente wat Geskiedenis doseer, behoort die algemeen-vormende waarde van die vak by die nie-tradisionele sektor te bemark. Hieroor sê Clary die volgende:

*A few jobs exist, and you may be able to persuade employers to create more: in historic preservation, environmental protection, business and industry, historical agencies, archives, museums, scientific and medical research, land use, urban planning and design, municipal administration and other areas you may not have thought about ...<sup>20</sup>*

## VERWYSINGS

1. D.A. Clary: Write when you find work: Advice for graduate faculty on training employable Historians. *History Teacher*, 12(1), November 1978, p. 66. Vergelyk die uitspraak van Clary met Kirkendall se verwysing na Geskiedenis wat nie "prakties" is nie. Kyk R.S. Kirkendall: The status of History in schools. *Journal of American History*, 62, 1975/76, pp. 557-570.
2. Vergelyk byvoorbeeld met Federasie vir Afrikaanse Onderwysersvereniging (FAO),

Verslag: Die plek en toekoms van Geskiedenis as skoolvak binne blanke skole in die RSA. *Die Unie*, Desember 1993; H.J. Barnard en S.L. Barnard: Die huidige stand van die vak Geskiedenis op skoolvlak in blanke hoërskole in die RSA. *Gister en Vandag*, 23 Mei 1992; M. Broodryk: 'n Historiese Kultuur vir Suider-Afrika. *Gister en Vandag*, 21 April 1991, pp. 28-31.

3. F. Gous en D. Oosthuizen: Baie topmense werkloos. *Sake-Rapport*, 24.12.1991.



4. Inligting vir 1993-syfers verkry vanaf prof. J.S. Bergh (UP), September 1994. Vergelyk met M. Broodryk: 'n Historiese kultuur vir Suid-Afrika. *Gister en Vandag*, 21 April 1991, pp. 28-29; FAO: Die plek en toekoms van Geskiedenis... *Die Unie*, Desember 1993, p. 79; J.S. Bergh: Historiese verenigings en tydskrifte in Suid-Afrika: verlede, hede en toekoms, 38(2), November 1993, p. 48.
5. E.S. van Eeden: Relevante tersiêre geskiedenis-kurrikula - tendense en behoeftes met verwysing na die posisie van tradisioneel Afrikaanse Universiteite, p. 3. Simposium van die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* met die tema Die toekoms van Geskiedenisbeoefening in Afrikaans, 26 Augustus 1994.
6. N.C. Gysbers: Major trends in career development theory and practice. *Vocational Guidance Quarterly*, 33(1), September 1984, pp. 1-3.
7. A.A. Helwig: Counselor training and professional issues. *United States, Journal of Employment Counseling*, 30(4), December 1993, pp. 153-167; N.C. Gysbers: Major trends in career development theory and practice. *Vocational Guidance Quarterly*, 33(2), September 1984, pp. 19.
8. T. Zenzaki: Career education in Japan: it's current status and conditions. *Career Development Quarterly*, 41(4), June 1993, pp. 291-296.
9. B. Hiebert: Creation and mobilization of counselling resources for youth: an innovation in collaborative programme development. *Canadian Journal of Counselling*, 26(4), October 1992, pp. 215-221.
10. A. Cowen: History in the United Kingdom public Sector. *The History Teacher*, 22, May 1989, pp. 277-292.
11. Etlike besprekings oor Geskiedenis se verbintenis met ander vakdisiplines is onder meer te vind in: *Historia*, 1982-1988.
12. Vergelyk byvoorbeeld D.A. Clary: Write when you find work. Advice for graduate faculty on training employable Historians. *The History Teacher*, 12(1), November 1978, pp. 65-85.
13. A.A. Jones: Humanities Labor Force: Women Historians as a Special Case. *The History Teacher*, 15(3) May 1982, pp. 363-364, 374.
14. Vergelyk met D.A. Clary: Write when you find work ... *The History Teacher*, 12(1), November 1978, pp. 65-70; T.S. Hamerou: *Reflections on History and Historians*, pp. 205-243.
15. C. Hirshfield: War and the humanities. A small revolution in teaching history. *Improving College and University Teaching*, 32(3), 1948, pp. 69-75; M. Booth and R. Matthews: Teaching history to students aged 13 to 14 in Japan and England. *Yesterday and Today*, 1993, pp. 23-28. Vergelyk ook met E.S. van Eeden: Tersiere kurrikula: behoeftes en tendense vir die jare negentig. *Historia*, 1994.
16. E. Lickindorf: Is the BA graduate employable? *CSD/SWO Bulletin*, 5(3), April 1993, pp. 6-7.
17. Vergelyk vaardighede en doelstellings soos byvoorbeeld gestel in J. Mathews: *Discover History A pupil-centred approach to History Method*. Maskew Miller, Johannesburg, 1992, pp. 6-7, 8-9, 40-58, 61-70, 110-111.
18. H.J. Breytenbach en S.L. Barnard: Die huidige stand van die vak Geskiedenis op skoolvlak in blanke hoërskole in die RSA. *Gister en Vandag*, 23 Mei 1992, pp. 29-31.
19. Kyk ook K.J. Richard and G. Erost: Understanding the other, understanding myself. Using multicultural novels in the classroom. *Multicultural Novels*, vol. 67(2), pp. 88-106; D.M. Dean: United States History unbound: some alternative teaching methods; G. Cuthbertson (ed.): *Black writing. An American Studies Perspective from Southern Africa*; A.L. Beane and A. Zachmanoglou: History and career awareness: a potpourri of activities. *History and Social Science Teacher*, 15(2), Winter 1980, pp. 137-139.
20. D.A. Clary: Write when you find work ... *The History Teacher*, 12(1), November 1978, p. 83.